A F D E L I N G C.

VERDERE MOONTLIKHEDE

ONDERSOEK EN

BELIG.

(LESSE UIT DIE BUITELAND).

(Hoofstuk VIII: Algemene Toeligting van die Onderwysstelsels in die Buiteland.

.....

Hoofstuk IX: Vreemde-taalonderwys, en Duits as vreemde taal in die Buitelandse Skoolstelsels.)

H O O F S T U K V111.

ALGEMENE TOELIGTING VAN DIE ONDERWYS-STELSELS IN DIE BUITELAND.

1. Bronne, en die Prosedure en algemene strekking van die ondersoek.

(a). In die vorige hoofstukke het ek my bepaal by 'n ondersoek na die omstandighede wat in verband staan met die kwessie van leerplanvoorsiening vir Duits-onderwys in Suid-Afrika, en die leemtes en dwaalweë aangetoon. Waar 'n jong land soos Suid-Afrika egter nie onverskillig kan staan teenoor die algemene strominge in die onderwys-aangeleenthede in die groter wêreld rondom hom nie, kan 'n studie van die oorsese onderwysstelsels 'n nuttige grondslag van vergelyking bied om as agtergrond vir konstruktiewe aanbevelings in verband met die hervorming van vreemdetaalonderwys in Suid-Afrika te dien.

Ten einde vertroud te raak met die huidige onderwystoestande in die buiteland, het ek dit noodsaaklik geag om my deur middel van 'n vraagbrief[1] regstreeks in verbinding te stel met bevoegde en ervare onderwysers in vyf oorsese lande wat vandag wêreldwye erkenning vir hul onderwysstelsels en/of onderwyshervormings geniet, naamlik die V.S.A., Holland, Duitsland, Denemarke en Engeland.

(b). Met die uitstuur van die vraagbrief na die buiteland is daar belangrike inligting in sake die algemene onderwystoestande en die plek en organisasie van Duits as vreemde taal in die betrokke lande (en 'n ander vreemde taal in die geval van Duitsland) beoog. Belangrike gesigspunte van die middelbare onderwys soos die verskillende soorte skole en kursusse en die plek wat Duits-onderwys daarin beklee, die keuse van vakke en moontlikhede vir gedifferensieerde onderwys, die algemene eksamenvereistes en eksamenmetodes en hul invloed op die onderwys van Duits as vreemde taal, asook die leerplanne en eksamenstandaarde

---

1. Sien Bylae C.

vir Duits is op hierdie wyse ondersoek.

Ek moet egter die feit beklemtoon dat hierdie vraagbrief nie bedoel is as 'n wetenskaplike Questionnaire-ondersoek wat baie antwoorders sou vereis nie, omdat dit reeds duidelik uit die aard van die vrae sal blyk[1] dat die versameling van kwantitatiewe gegewens, wat wel 'n waardevolle navorsingsmetode mag wees wanneer die terrein van die onderwysmetode vir ondersoekings doeleindes betree word, nie in verband gebring kan word met 'n ondersoek na die genoemde gesigspunte van die middelbare onderwys nie. Feit is, dat die besondere terrein van die leerplan- en eksamenvereistes waarop ons hier beweeg, eintlik geen Questionnaire-terrein is nie. Die doel van die ondersoek was slegs om eerstehandse inligting in verband met die algemene stelsel van middelbare onderwys en die leerplan- en eksamenaangeleentheid vir vreemde-taalonderwys uit gesaghebbende professionele kringe te bekom, en primêre bronne (leerplanne, handboeke, eksamenvraestelle, en so meer) te versamel waaruit daar tot 'n juiste beeld van die stelsels geraak sou kon word. Daarby is die beoogde inligting in sake die middelbare skoolkursusse, eksamenmetodes, en so meer, van so 'n objektiewe aard, dat die antwoorde binne die bereik van elke leerkrag wat in die praktyke staan en met die stelsel vertroud is, sou wees, sodat die vraagbrief slegs aan een ervare en bevoegde leerkrag in elkeen van die genoemde lande gestuur is, met die versoek dat antwoorde verstrek en stukke aangeheg sou word wat die ware toedrag van sake in die betrokke land sal tipeer. In hierdie verband was dit van belang om die regte kanale te vind waardeur die onderhandeling met die klas ervare en belangstellende onderwyser wat die saak op die regte wyse sou aanpak, aangeknoop kon word. In die geval van Holland en Duitsland kon die kontakte met die medewerking van kollegas in Suid-Afrika wat

---

1. Sien Bylae C.

familiebetrekkinge in daardie lande het, gevind word. Vir die ander lande was die kanale as volg: in Denemarke is die verlangde kontak deur die beroemde Niels Bukh-skool te Ollerup gesoek; in die V.S.A. is die stukke aan die "Letters Abroad" - projek in Philadelphia besorg deur die redaksie van 'n bekende Amerikaanse tydskrif wat ook opvoedkundige rubrieke daarop nahou en in Engeland is die stukke aan die "Joint Committee of the Four Secondary Associations" gestuur deur die Suid-Afrika-Huis en die Ministerie van Onderwys.

Die wyse waarop sommige van die medewerkers die saak verder op eie inisiatief aangepak en voortgesit het, bewys duidelik dat dit met geesdrif ontvang en behandel is. Die "Joint Committee" het byvoorbeeld verdere afskrifte van sekere gedeeltes van die vraag gemaak en na sommige lede van die vier verenigings deurgestuur, sodat die medewerking van twaalf bevoegde leerkragte uit hierdie land ontvang is, insluitende 'n paar lede van die Internasionale Sub-komitee van die Gesamentlike Komitee. Ons medewerker in Nederland, Dr. J. Akkerman van Apeldoorn, het volledige "Programma's der Hogere Burgerscholen", "Toelatings- en Eindexamenreglementen" van die verskillende soorte skole, en die volledige "Leerplan voor H.B.S. A en B" ingesluit; en etlike medewerkers in Engeland en ons medewerker in Amerika - 'n ervare hoof van verskillende bekende skole wat tans verbonde is aan die Duitse Departement van die Temple-Universiteit in Ardmore, Pennsylvania[2] - het leerplanne en eksamenvraestelle vir Duits aangeheg. Die skrywer het later ook in verbinding getree met die hoof van een van die groot Amerikaanse hoërskole[3], van wie die jongste bulletin van inligting van die "College Entrance Examination Board"[4] en ander waardevolle inligting ontvang is.

---

1. "Ladies' Home Journal".
2. Sien Bylae C.
3. Mnr. George H. Gilbert, hoof van die "Lower Merion Senior High School" in Ardmore, Pennsylvania ... 'n skool met 80 middelbare leerkragte blykens die prospektus van die skool wat van Mnr. Eugene C. Alder van die Temple-universiteit ontvang is.
4. The College Entrance Examination Board: Bulletin of Information and Sample Tests. 1949 - 50.

Daar is met hierdie ondersoek niks meer as die bogenoemde gegewens verlang nie, omdat dit duidelik uit die antwoorde geblyk het dat die aard van die vrae weinig ruimte vir enige bevooroordeling en onvolledigheid gelaat het[1], en die primêre bronne wat uit dié lande ontvang is, merendeels as 'n kontrole op die antwoorde kon dien en nuttige aanknopingspunte vir die verdere samevatting in hierdie en die volgende hoofstuk bied. Ek bepaal my in hierdie hoofstuk, egter, slegs by 'n algemene toeligting van die stelsels in die buiteland, en toon in die volgende hoofstuk die nadere besonderhede in verband met die onderwys van Duits as vreemde taal aan.

2. Breë uiteensetting van die buitelandse skoolstelsels, met voorbeelde toegelig.

Alvorens daartoe oor te gaan om die gegewens wat die vraagbrief opgelewer het, nader te ontleed, wil ek my eers by 'n algemene uiteensetting van die oorsese onderwysstelsels bepaal om die agtergrond aan te dui waarteen die vollediger besonderhede in verband met die ondersoekte stelsels gesien en interpreteer kan word[2].

(a) Die groot groep lande van Sentraal-Europa het, wat hul onderwysstelsels betref, voor die Tweede Wêreldoorlog baie sterk onder Duitse invloed gestaan. Onder hierdie groep vind ons: Nederland, Oostenryk, Switserland, Hongarye, Tsjeggo-Slowakye, Pole, Suid-Slawië en die Balkan. Sedert die oorlog het sommige van hierdie state onder Russiese invloed gekom, en in hoever dit reeds hul onderwysstelsels verander het, kan hier nie met sekerheid vasgestel word nie, aangesien daar moeilik agter die ystergordyn gesien kan word.

Die historiese tradisie om die seuns en meisies apart op te voed, word hier nog taamlik sterk gehandhaaf.

---

1. Sien Bylae C.

2. Sien veral "The Year Book of Education", 1934. (bl.122-128) en ander verstrekte bronne.

'n Baie treffende kenmerk van die onderwysstelsels in dié lande is veral die baie wye kursus wat deur alle middelbare leerlinge geneem moet word om 'n breë ontwikkeling te verseker. In Hongarye word alle middelbare leerlinge byvoorbeeld verplig tot die studie van ongeveer 17 vakke, omdat die Hongaarse onderwysowerheid hom veral beywer vir wat reeds bestempel is as " .... a rounded whole of specialized knowledge and general culture" [1]. Dit is ook die geval in Holland en Duitsland, soos later in nadere besonderhede sal blyk.

(b). In die Skandinawiese lande (Denemarke, Swede, Noorweë en Finland) met hul homogene bevolkingsgroepe vind ons 'n baie eenvormige onderwysstelsel wat min of meer as volg opgesom kan word:-

(i) Die onderwysleer word gekenmerk deur die 6-4-3-jaarbasis, dit is: 'n 6-jarige primêre kursus (5 plus tot 11 plus jaar); 'n 4-jarige intermediêre kursus ("Real" - tipe met meer moderne vakke, 11 to 15 jaar); en die 3-jarige Gimnasiumkursus (15 tot 18 jaar).

Hoewel die leerling reeds op 11 plus jaar toelating na die Gimnasium verkry, bevat die eintlike Gimnasiumkursus net die bogenoemde drie grade waarin 'n keuse van een uit drie rigtings aangebied word, naamlik 'n klassieke, moderne en natuurwetenskaplike rigting.

(ii) In teenstelling met die Sentraal-Europese stelsel, is koëdukasie vry algemeen in swang in die Skandinawiese lande.

(iii) Verder is die stelsel nog taamlik eng-tradisioneel, met baie blok- en geheuewerk[2].

(c). In die sogenaamde Latynse lande (Frankryk, Italië, Spanje, Portugal, België, en die Latyns-Amerikaanse state) waar die Roomse kerk nog 'n groot houvas het, asook in die twee nie-Latynse state, Griekeland en Albanië, vind ons 'n taamlik eenvormige tipe skoolstelsel wat min of meer die volgende kenmerke

---

1. "The Year Book of Education", 1948, bl.332.

2. Sien stelsel in Swede: Ibid.306.

dra:-

(i) handhawing van die ou Jesuitiese tradisie wat die middelbare skool as 'n kweekplek vir 'n intellektuele aristokrasie beskou;

(ii) voorbereiding vir die Baccalaureat-eksamen soos in Frankryk;

(iii) 'n baie sterk sentrale staatsbeheer sonder enige plaaslike kontrole.

Die hoogs-gespesialiseerde stelsel in Frankryk[1] is min of meer toonaangewend vir hierdie groep. Volgens Kandel is die uitgangspunt van die hele Franse middelbare skoolstelsel die behoud van die Franse kultuur, wat hierdie land al vir byna drie eeue geniet het[2]. Na die 6-jarige primêre kursus (Ecoles primaires elementaires, 6-12 jaar) word daar in die hoofdorp van elke distrik 'n baie moeilike toelatingseksamen afgelê onder toesig van 'n eksamenkommissie waarop die na-primêre skole sterk verteenwoordig is. Die leerlinge wat nie toelating kan verkry nie, gaan na die Hoër Elementêre skole (Ecoles primaires supérieures) vir 'n 3-jarige praktiese kursus (12-15 jaar) wat as 'n voorbereiding vir die beroepskole moet dien, terwyl die suksesvolle kandidate 'n 7-jarige kursus (12-19 jaar) aan die sekondêre skole (die lycées en collèges) volg wat op die baccalaureat-eksamen, die toelatingsvereiste van die universiteite, uitloop. In teenstelling met die Amerikaanse stelsel waarin daar baie nadruk op die praktiese vakke gelê word, is hierdie opleiding in die Franse hoërskole suiwer intellektueel en veral op die ontwikkeling van die abstrakte denke, 'n kritiese gees, goeie smaak en intellektuele belange toegespits[3]. Dis van-

---

1. Vergelyk veral:
   a. "The Year Book of Education", 1948 (bl.235-251) en 1934 (bl.145).
   b. Kandel: "Comparative Education", 683-686.
   c. Smuts: "The Education of Adolescents in South Africa" (190-199).
2. Kandel: Op Cit.683.
3. Smuts: Op Cit.193.

selfsprekend dat die grootste gros leerlinge glad nie vir hierdie tipe onderwys opgewasse is nie, en daarby is die vereiste om in die baccalaureat-eksamen te slaag so geweldig hoog, dat 'n baie hoë persentasie leerlinge elke jaar in hierdie eksamen druip. Hoewel na-oorlogse waarnemers 'n kentering in die rigting van 'n groter aantal keusevakke en ander hervormings wat meer in die gees van die tyd slaan, in die Franse stelsel meen te bespeur[1], het hierdie tradisionele stelsel nog in 'n baie hoë mate in al die Latynse lande van krag gebly.

(d). Die bogenoemde onderwysstelsels tipeer min of meer die grootste gedeelte van die middelbare onderwystoestande op die Europese vasteland. Ten einde die kring nog wyer te trek, noem ek ook heel kortliks die volgende[2]:-

(i) Die Mohammedaanse lande (Turkye, Egipte, Persië en die Nabye Ooste) het ook die 6-7-leer van die Latynse lande oorgeneem, en het min of meer dieselfde eksamenstelsel as dié groep.

(ii) Die Verre Ooste het die Amerikaanse 6-3-3-plan aanvaar, met enige belangrike afwykings, veral in Japan.

(iii) In die Sowjet-Republiek het die middelbare onderwys reeds voor die oorlog sy akademiese kleur verloor. Die eksamenstelsel het in onbruik geraak, en op die derde trap van die 4-3-3-leer word 'n eng-beroepskundige opleiding aangebied.

(iv) Die stelsels in Amerika en Engeland word meer volledig aangetoon in die onderstaande ontleding van die vraelysgegewens.

---

1. Vergelyk "The Year Book of Education", 1948, bl.245.
2. Sien "The Year Book of Education", 1934, bl.126-128.

3. Die gegewens van die ondersoek na die middelbare onderwys in Holland, Duitsland, Denemarke, Engeland en die V.S.A. (Algemene beskouing).

Vir die orige gedeelte van hierdie hoofstuk wil ek my hoofsaaklik bepaal by 'n vollediger oorsig van die onderwysstelsels van die lande met wie ek regstreeks in verbinding was deur middel van die vraagbrief-ondersoek; en ek verbind my in die eerste plek tot 'n ontleding en klassifisering van die aldus verkreë gegewens[1], hoewel laasgenoemde soms ook uit ander erkende bronne aangevul sal word.

(a). HOLLAND.

(i) Ons vind hier die volgende tipes skole:

Laerskool:	Die Volkskoolkursus duur 7 of 6 jaar (tot ouderdom 12).
Intermediêr:	M.U.L.O.- skole (d.w.s. "Meer Uitgebreid Lager Onderwys") met 'n 3- of 4-jarige kursus (12 tot 15 of 16 jaar).
Middelbaar:	Hogere Burgerschool (H.B.S.)... 5 jaar (12-17 jaar); Middelbaar Meisjesschool ..... 5 jaar (12-17 jaar); Middelbaar Handelschool (Kommersiële Dagskool)
Hoër:	Gymnasium ..... 6 jaar (12-18 jaar); Lyceum (College)6 jaar (12-18 jaar).

Vir die doel van hierdie verhandeling moet die Intermediêr- Middelbare en Hoërskole egter almal as na-primêre of middelbare onderwys beskou en behandel word.

(ii). Al die middelbare skole (ook die Mulo) het hul eie toelatingsvereistes. Ons antwoorder laat hom as volg uit oor die standaard van hierdie eksamen: "Het is duidelijk, dat alleen zeer intelligente leerlingen na zes jaren gewone volksschool voor het toelatingsexamen slagen en het onderwijs aan H.B.S. of Gymn. kunnen volgen". Diegene wat nêrens toelating kan verkry nie, kan dan na die vakskole oorgeplaas word.

---

1. Sien Bylae C.

(iii). Die M.U.L.O.[1] bied volledíger kursusse aan as die gewone laerskool. Tesame met die gewone laerskoolvakke word daar verder voorsiening gemaak vir vakke soos die drie moderne tale (Engels, Frans en Duits), matesis en geskiedenis, maar die onderrig is van 'n meer elementêre aard as dié in die eintlike middelbare en hoërskole, Aan die end van klas X (16 jaar) word daar 'n spesiale eksamen onder staatstoesig afgeneem vir die Mulo-sertifikaat wat geen toelating na die universiteit verleen nie.

(iv). Die H.B.S. verskil fundamenteel van die Gymnasium in die baie wye leerplan van ongeveer 19 vakke wat in die loop van die 5-jarige kursus aangebied word. In die eerste drie jaar neem alle leerlinge dieselfde vakke; in die laaste twee jaar is daar egter twee afdelings waarin daar gespesialiseer kan word, naamlik:-

Afdeling A - Tale en ekonomiese vakke;
Afdeling B - Wiskunde en Wetenskappe.

Selfs hier is die meeste vakke egter verpligtend, en kom die spesialisasie in die praktyk meesal net daarop neer dat daar meer tyd aan sekere vakke as aan ander bestee word. Aan die end van die 5-jarige kursus word daar 'n eksamen onder staatstoesig afgeneem vir die Einddiploma van die H.B.S. Die Einddiploma H.B.S. B verleen toelating tot die fakulteite van Wetenskappe en Medisyne van die universiteite en die "Technische Hogeschool" te Delft; en dié van die H.B.S. A tot die Handelshogeschool te Rotterdam en voortgesette studies in die ekonomie (universiteite) en die joernalistiek. Albei sertifikate kan egter òok toelating tot die fakulteite van Regte, Filosofie, Teologie en Lettere aan die universiteite verleen, mits 'n aanvullende staatseksamen in die klassieke tale met goeie gevolg afgelê word.

---

1. Sien ook: "The Year Book of Education", 1948 (bl.260).

Ons antwoorder kon geen inligting verstrek in verband met die ander middelbare skole wat naas die H.B.S. genoem is nie. Volgens die "Reglement voor het eindexamen der Middelbare scholen voor meisjes" blyk dit egter, dat die kursus in hierdie skool uit die volgende vakke moet bestaan: die vier tale soos in alle ander middelbare skole (Nederlands, Engels, Frans en Duits) geskiedenis, aardrykskunde, en ander vakke waarby kunste en wetenskappe ingesluit moet word[1].

(v). Die Gymnasium (12-18 jaar) spesialiseer veral in die klassieke tale, Grieks en Latyn, hoewel die vier moderne tale wat hierbo genoem is, en die gewone akademiese vakke hier ook grondig onderrig word. Die Gymnasium-sertifikaat was vir baie jare die enigste skakel met die universiteit, en verleen sonder meer toelating na alle universiteitskursusse. Gevolglik het hierdie skool 'n baie sterk tradisie in die Nederlandse onderwysstelsel geword; en hoewel dit vandag sy houvas op die Hollandse bevolking begin verloor, word dit nog elke jaar deur 'n aansienlike persentasie leerlinge besoek wat geen toelating na die universiteite verlang nie.

(vi). Die Lyceum[2] (College, 12-18 jaar) is eintlik 'n kombinasie van die H.B.S. en die Gymnasium. Dis die heel jongste ontwikkeling wat eers sedert 1909 dateer, en is gebaseer op die beginsel dat die keuse tussen die sekondêre skool (H.B.S.) en die hoërskool (Gymnasium) eers drie jaar later moet geskied, dit is op 15 in plek van 12 jaar. Gedurende die eerste drie jaar (12-15) word dieselfde vakke deur alle leerlinge geneem, terwyl daar in die laaste drie jaar (15-18) in een van drie rigtings gespesialiseer word, naamlik:

'n "litterair-economische" rigting (H.B.S. A);
wiskunde en wetenskappe plus ander vakke (H.B.S. B);
klassieke tale plus ander vakke (Gymnasiumvakke).

---

1. (Per) Akkerman: Nederland - "Toelatings- en Eindexamenreglementen" (vir middelbare en hoërskole), 55.

2. Sien "The Year Book of Education", 1948, bl.261.

(b) DUITSLAND[1].

(i). Die algemene indeling van die skoolstelsel in die gedeelte van Duitsland wat onder Westerse invloed staan, is as volg:-

Primêr - Grundschule (7-10 jaar) en die Volkschul-oberstufe (10-14 of 15 jaar). Die klasse heet V_1-V_8 (V_9).

Intermediêr - Mittelschule, 11-16 jaar. Die klasse heet M_5-M_9.

Middelbaar - Oberschule, 8 (9) jaar (10-18). Die klasse heet O_5-O_{12}. (O_{13}).

Gymnasium, 8 jaar (10-18) met klasse G_5-G_{12}.

(ii). Na die 4-jarige kursus in die Grundschule is die intellektuele bekwaamheid van die leerling die deurslaggewende faktor vir toelating na die "Oberschulen" en "Gymnasia". Ook die "Mittelschule" vereis 'n toelatingseksamen, en alle leerlinge wat nie na hierdie skole toelating kan verkry nie, bly nog vier of vyf jaar in die hoër klasse van die Volkschule (tot 14 of 15 jaar), waar 'n algemene opvoeding ontvang en wye belangstellings vir nuttige burgerskap gekweek word. Hierna volg óf 'n verpligte deeltydse beroepsopleiding tot 18 jaar, óf 'n voltydse tweejarige kursus aan 'n "Berufschule".

Die Mittelschule behels 'n gewysigde vorm van middelbare onderwys met aansienlike vryhede van leerplan-aanpassing aan plaaslike omstandighede. In die eerste drie jaar word daar 'n gemeenskaplike kursus gevolg, en in die laaste twee jaar in 'n handels- en nywerheidsrigting gespesialiseer. Na vyf jaar (ouderdom 16) word die "Zeugnis der Mittleren Reife" uitgereik wat toelating na die hoëre beroepskole verleen, asook na die sewende klas van die Oberschule mits daar aan sekere eise voldoen word.

Vir die begaafde leerling in die hoëre klasse van die Volkschule is daar ook gevorderde afdelings ter voorbereiding

---

1. Vergelyk ook: "The Year Book of Education", 1948, 513-534.

vir toelating na die hoogste klasse van die Oberschule (O_7). Net soos in die geval van oorplasing van die Mittelschule af, is sulke leerlinge meesal 'n jaar vertraag.

(iii). Die Oberschulen berei die leerlinge voor vir die Reifeprüfung (Abitur) wat toelating na die universiteite verleen. 'n Kleiner aantal Oberschulen in die grotere sentra wat ook 'n kursus in Grieks vereis, word "Gymnasia" genoem. 'n Groot aantal verpligte vakke moet op die hoof- en byvak-basis geneem word. Verder is daar geen keuse nie, behalwe vir die vreemde tale waar die volgende moontlikhede hulself voordoen:

1ste vreemde taal -- Engels (in die westelike sektor);

2de vreemde taal -- Latyn of Frans;

3de vreemde taal -- Grieks, Spaans, Russies of 'n ander taal.

In die Gimnasium is Grieks en Latyn egter verpligtend, sodat daar vir die lerlinge in hierdie skole geen moontlikhede vir vakkeuse bestaan nie.

(c). DENEMARKE[1].

(i). Die tipies-Skandinawiese stelsel in Denemarke word deur die volgende skole gekenmerk:

'n 5-jarige "Unterschule", 7-11 jaar;
'n 4-jarige "Mittelschule" (Mellemskole), 11-15 jaar;
'n 1-jarige "Realschule" (Realskole), 15-16 jaar; of
die 3-jarige Gimnasiumkursus, 15-18 jaar.

Die Gimnasium kan ook die afdelings van die Mittelschule huisves en leerlinge op 11 plus jaar inneem.

(ii). Die "Mellemskole" het twee afdelings, naamlik 'n algemene kursus van 3 of 4 jaar waarvoor daar geen eindeksamen vereis word nie en wat die leerlinge vir 'n na-skoolse beroepsopleiding voorberei (tegniese of handelskole, voortgesette dag- en aandskole, en so meer), en 'n 4-jarige opleiding met 'n eindeksamen (Mittelschulexamen) wat toelating na een van die volgende rig-

---

1. Vergelyk ook "The Year Book of Education", 1948, bl.275-282.

tings vir verdere studie verleen:

> 'n praktiese skool van een jaar (Realklasse, 16 jaar) wat die Realexamen ten doel het ter voorbereiding vir die kommersiële of siviele lewe; of
>
> 'n 3-jarige kursus aan die Gimnasium wat 'n spesialisasie in een van die volgende drie rigtings vereis: moderne tale plus Latyn; klassieke tale; matesis en natuurwetenskap.

Aan die end van die Gimnasiumkursus word die Reifeprüfung (Abitur) afgelê wat toelating na die universiteit verleen.

(iii). Die landelike opvoeding is enigsins anders en veel meer op realistiese belange toegespits as die bogenoemde skole. 'n Besondere kenmerk van die Deense landelike opvoeding is die vrywillige hoërskole vir volwassenes wat algemeen bekend staan as die Deense Hoër Volkskole (Folk High Schools). Hierdie skole is die eintlike geestelike erfenis van biskop Grundtvig, en het veel bygedra tot die opkoms en intelligente lewensuitkyk van die Deense boerestand weens die besondere nadruk wat daar in dié skole gelê word op 'n intelligente insig in die sosiale probleme van die dag en op 'n vrye algemene opvoeding wat nie aan bande gelê is deur eksamens en vaste leerplanne nie[1]. Die skole word ook gekenmerk deur die feit dat hul 'n tipies-Deense atmosfeer adem, en baie aandag wy aan die Deense volksdanse, gimnastiek en spele, en die Deense taal en kultuur[2]. Aangesien hierdie vorm van onderwys egter meer bepaaldelik by die opvoeding van volwassenes tuishoort en gevolglik buite die terrein van die middelbare onderwys val, moet dit hier slegs terloops genoem word.

(d). ENGELAND.

(i). Die huidige indeling van die skoolwese in Engeland is die resultaat van die Britse Onderwyswet van 1944 wat byna hoofsaaklik op die belangrike aanbevelings van die Spens- en Norwood-verslae gebaseer is, en behels die volgende[3]:-

---

1. Begtrup, Lund & Manniche: "The Folk High Schools of Denmark", 63-64; 141; 149.

2. Ibid., 132.

3. Sien: a. Norwood-verslag ("Curriculum and Examinations in Secondary Schools"), 20-21.
   b. Spens-verslag ("Report on Secondary Education")352.

'n 6-jarige primêre kursus (5-11 jaar);

Tegniese Hoërskole met 'n 5-jarige kursus (11-15 jaar);

"Moderne Skole" met 'n 4-jarige kursus (11-15 jaar);

"Grammar Schools" waarin daar twee kursusse aangebied word;

> 'n vier- of (meesal) 5-jarige kursus (11 tot 15 of 16 jaar) wat tot die "School Certificate" - eksamen lei; en daarna ....
>
> 'n 2-jarige kursus vir die "Higher School Certificate" (op 17 of 18 jaar) wat toelating na die universiteit verleen.

Vir die "Grammar Schools" en "Technical High Schools" word daar 'n toelatingseksamen vereis, terwyl al die ander leerlinge op elfjarige leeftyd na die "Modern Schools" oorgeplaas word.

(ii). Die "Grammar Schools" is veral vir dié minderheid bedoel wat na die universiteit wil gaan, en het die akademiese leerplan in al ses vorms behou. Daar bestaan egter 'n aansienlike mate van leerplanvryheid waarop ons later weer terugkom. Die persentasie leerlinge wat na dié skole oorgeplaas word, is betreklik klein, en wissel van 9 tot 33 persent volgens die antwoorde op die vraagbrief wat uit verskillende oorde ontvang is.

Oor die Hoër Tegniese Skole - 'n ontwikkeling uit die "Hadow Junior Technical Schools" - skryf ons antwoorder uit Whitley Bay dat dié skole nog in die eksperimentele stadium van organisasie verkeer, sodat weinig van hul reeds in werking is. Die Spens-rapport het egter aanbeveel[1] dat daar vir die eerste twee jaar dieselfde leerplan in hierdie skole en die "Grammar Schools" gevolg sou word, sodat wedersydse oorskakeling tussen die twee skole op natuurlike wyse op 13 jaar sou kon plaasvind. In die volgende drie jaar word daar dan op beroepsopleiding vir die handel en industrieë toegespits.

Die Moderne Skole is 'n ontwikkeling uit die non-selektiewe Seniorskole wat hul oorsprong in die Hadow-verslag van 1926 het, en absorbeer die grootste gros leerlinge op ouderdom 11 plus jaar.

---

1. Spens-verslag ("Report on Secondary Education"), 273-274.

Die leerlinge word na hierdie skole oorgeplaas volgens ouderdom en nie op grond van hul prestasiepeil nie, sodat ons hier 'n ongeselekteerde en uiters heterogene groep leerlinge vind. Die onderliggende idee is dat alle leerlinge, hoe vertraag hul ook al mag wees, die beste vordering in hul bepaalde ouderdomsgroep sal toon en daar onderrig moet word. Die onderwys is deurgaans prakties, en die tradisionele "vakke" word in verband met die alledaagse ervaringslewe van die kind en met die industrieë en beroepe gebring. Daar is hoegenaamd geen leerplanbeperkings nie, en die skoolhoofde is volkome vry om die leerplan te organiseer volgens hul eie opvattings aangaande die behoeftes van hul leerlinge. 'n Tweede taal - meesal Frans, soms Spaans, en baie selde Duits - word byvoorbeeld slegs in die boonste of meer akademiese seksie (die A-stroom) onderrig, terwyl daar geen abstrakte studies van die swakkere leerlinge vereis word nie. In die distrikte waar daar nog geen Moderne Skole bestaan nie, bly hierdie leerlinge in die primêre skool vir 'n voortgesette primêre kursus tot die leerplig op 15 jaar beëindig is.

(iii). Die posisie van die "Public Schools" wat reeds as "ancient and revered schools" bestempel is[1], is nog onseker in hierdie nasionale stelsel van middelbare onderwys vir die hele volk - dit is, nie net vir die aristokrasie nie, maar ook vir die middelklasse van die platteland. Hierdie skole neem hul leerlinge op 13- of 14-jarige leeftyd in, nadat laasgenoemde van hul sewende of agste jaar af in 'n baie doeltreffende en private voorbereidende skool (Preparatory School) vir die "Common Entrance Examination" van die "Public Schools" afgerig is. Sommige van hierdie skole het reeds 'n baie lang geskiedenis (Eton dateer al van 1440 en Winchester College van 1369 af[2]), en moontlik sou die staat nie geneë wees om in hul tradisionele onafhanklikheid in te gryp nie.

---

1. "The Year Book of Education", 1948, bl.44.

2. Ibid.

(e). DIE V.S.A.

Elkeen van die 48 state van Amerika het sy eie onderwysstelsel met die staatsuniversiteit aan die spits, en daar is gevolglik geen eenvormigheid in hierdie land nie, hoewel die volgende algemene trekke min of meer deurgaans gevind word:-

(i). Sedert die ontstaan van die Juniorhoërskool in 1910 is die tradisionele 8-4-stelsel geleidelik deur die 6-3-3-stelsel vervang wat vandag algemeen in swang is, naamlik:-

Primêre skool ..... 6 jaar (6-12);
Juniorhoërskool ..... 3 jaar (12-15);
Seniorhoërskool ..... 3 jaar (15-18).

Omdat die universiteite (kolleges) die skolastiese rapport van al die werk van die leerling gedurende sy laaste vier skooljare vereis -- dit is, dié van die drie Seniorhoërskooljare en die laaste jaar van die Juniorhoërskool -- word daar gewoonlik na dié vier jaar as die eintlike hoërskoolkursus verwys.

(ii). Daar is drie hoof-tipes hoërskole in die V.S.A., naamlik die Kollege-voorbereidende, Kommersiële en Tegniese hoërskole. In die grotere skole word daar vir al hierdie rigtings voorsiening gemaak.

(iii). Met die strenge leerpligwette in die verskillende state waarvolgens alle leerlinge tot hul sewentiende jaar op skool moet bly, word die Amerikaanse hoërskool, op enkele uitsonderings na, die na-elementêre skool vir sy hele adolessente bevolking. Daar moet egter ook bygevoeg word dat sommige waarnemers daarop attent maak, dat hierdie groeiende konsepsie van "sekondêre onderwys vir almal" 'n verlaging van die algemeen-intellektuele peil meegebring het in die kosmopolitaanse tipe skool wat daaruit ontstaan het[1]. Dit bring ons by die kwessie van vakke, eksamens en standaarde, wat op hierdie stadium ons nadere aandag verdien.

---

1. a. Kandel: "Comparative Education", 803.
   b. Smuts: "The Education of Adolescents in South Africa",127.

4. Leerplan- en eksamenvereistes in die Amerikaanse Hoërskole.

(a). Die uitgangspunt van die Amerikaanse stelsel: In Amerika word die beleid van 'n "broad educational highway" reeds sedert die vorige eeu gehandhaaf[1], en is die kursusse verbreed ten einde dit by die behoeftes van 'n groeiende sekondêre bevolking aan te pas. Met die verskyning van James se "Principles of Psychology" in 1890 het ons in hierdie land ook die eerste groot opstand teen die ou Fakulteit-Sielkunde en die leer van "formele dissipline" gevind, wat vir baie eeue die kursusse in Europa vereng het; en die onmiddellike gevolg van die verwerping van hierdie leer was, dat die onderwysstelsel so sterk onder die invloed van die leerstellinge van James, Stanley Hall (1907) en John Dewey en sy dissipels gekom het, dat dit in menige opsig heeltemal weggebreek het van die tradisionele paaie en die akademiese leerstof, en na die teenoorgestelde uiterste oorgehel het. Daarby het die Tweede Wêreldoorlog 'n verdere nadelige uitwerking op die akademiese programme gehad, sodat die onderwysstelsel op die oomblik in 'n staat van reorganisasie verkeer wat 'n meer praktiese kursus voor die periode van spesialisasie beoog.[2]

(b). Die leerplan vir die Amerikaanse middelbare skool: Hierdie invloede het ook so sterk na die middelbare onderwys deurgewerk, dat die toestand enige jare gelede as volg in daardie land waargeneem is[3]: "If pupils dropped out, it was reasoned that the subjects were at fault. The result is some three hundred subjects in the curricula of the American high schools, and the claim sometimes made: 'If we haven't got what you want, just say so ..... " By nadere insage in die werkprogramme van 'n paar groot Amerikaanse hoërskole soos vervat in die Handboeke wat van ons antwoorder uit die Temple-universiteit ontvang is, blyk dit

---

1. Kandel: "Comparative Education", 794.
2. Sien: "The Year Book of Education", 1948 (bl.128-135).
3. Smuts: "The Education of Adolescents in South Africa", 128.

duidelik dat die pragmatiese eise hulself terdeë laat geld in die Amerikaanse middelbare skoolstelsel, en dat daar baie middele beproef word om die leerstof in verband met die adolessent se belangstellings- en ervaringslewe te bring.

Graduasie in die Amerikaanse hoërskool word op die basis van 'n sekere aantal aangebode eenhede bereken, waarvoor die jaarbasisse in aanmerking geneem word. Van 12 tot 13 eenhede word vereis vir gewone graduasie-doeleindes, en 16 vir toelating na die universiteit[1] waarvan 'n minimum aantal in die akademiese vakke vereis word, en die res deur die leerlinge self gekies kan word uit 'n baie lang lys wat onder andere die volgende vakke insluit in die handboeke waarna hierbo verwys is[2]: "Band and Physical Education" (1 eenheid); "Orchestra" (¾); "Business Problems" (½); "Salesmanship" (1); "Office Practice" (1); "Home Economics" (1); "Journalism" (1); "Social Problems" (1); "Public Speaking" (½). 'n Baie groot kenmerk van die Amerikaanse hoërskoolleerplan is dan juis die feitlik onbeperkte aantal keusevakke en die feit dat die kursus ook 'n groot aantal van die meer praktiese vakke kan insluit -- in 'n mindere mate selfs ook vir die leerling wat toelating na 'n universiteit verlang. Aan dié vakke wat in 'n noue verband met die algemeen-maatskaplike lewe staan, word daar byvoorbeeld so veel aandag gegee, dat die "Openbare Spreekkuns" as 'n verpligte vak vir al ses vorms aangegee word in die Handboek van die Blake-skool, Hopkins, Minnesota, en "Wêreldprobleme" as 'n verpligte vak in vorms 111, 1V en V[3].

(c) Wegbreking van die tradisionele eksamenstelsel in die V.S.A:

Wat is nou die vereistes vir gewone hoërskool-graduasie en universiteits-toelating aan die einde van hierdie hoërskoolkursus met sy veel vryer en uiters buigsame leerplan?

---

1. Sien: "Lower Merion Senior High School Handbook, 1948" 24.

2. a. Ibid. 23-28.
   b. The Blake School (Hopkins, Minnesota), Handbook (1947-1948) (N.B. Aantal eenhede word tussen hakies aangegee).

3. The Blake School, Handbook, 1947-1948 (bl.31-34).

Uit die antwoorde op die vraagbrief het dit geblyk dat die skolastiese standaarde van die verskillende hoërskole so grootliks verskil het, dat die universiteite genoodsaak was om spesiale Bekwaamheidstoetse ("Aptitude Tests") en dikwels ook eksamens in Engels, matesis en ander vakke in te stel vir studente wat kollege-toelating verlang. In Nu-York word die toetse deur 'n "Board of Regents" wat onder toesig van die universiteit staan, opgestel, en vir alle leerlinge verpligtend gemaak vir graduasie-doeleindes -- ook vir diegene wat geen kollege-toelating verlang nie -- om 'n eenvormige standaard binne die grense van die staat te verseker. In die groter onafhanklike universiteite soos Harvard, Yale en Princeton het die bekende "College Entrance Examination Board" wat 50 jaar gelede in die lewe geroep is, reeds 'n groot rol gespeel om 'n redelike standaard te verseker deur die opstel en afneem van sy eie eksamens, waarmee daar sedert 1941 egter, 'n geheel nuwe rigting ingeslaan is. Blykens 'n paar van die vroeëre eksamenvraestelle van die "College Board wat van Mnr. Alder van die Temple-universiteit ontvang is (dié vir 1930 en 1935), en 'n latere skrywe van die hoof van die "Lower Merion Senior High School" (L.M.S.H.S.) te Ardmore, Pennsylvania, het hierdie beherende liggaam voor 1941 'n groot aantal eksamens van drie uur elk op die twee-, drie- en vierjaar-basis in feitlik enige moontlike vak afgeneem. Van hierdie eksamenmetode voor 1941 wat nog baie aan ons eie stelsel in Suid-Afrika laat dink, en die groot rigtingverandering wat daar in 1941 ingetree het, skryf ons medewerker van L.M.S.H.S. as volg:-

"The old battery of tests .... covered an entire week, morning and afternoon. The correction of these examinations was equally laborious and usually involved several weeks so that the results were not available for a month or two. As soon as we entered war all of this was changed. Colleges had summer sessions and had to use the College Boards immediately or not at all. Consequently they now have a single day of testing, with

a Scholastic Aptitude Test in the morning and the possibility of three one-hour Achievement Tests in various subject matter fields in the afternoon". Die Skolastiese Bekwaamheidstoets van drie uur bestaan uit twee gedeeltes, naamlik 'n Verbale (Taalkundige) en 'n Matematiese gedeelte, en het dít in gemeen met die drie een-uur Prestasietoetse in vreemde tale, Sosiale Studies of in 'n wetenskaplike veld[1], dat hul alle geheue- en blokwerk uitskakel. In die jongste Bulletin van Inligting van die "College Board" lees ons onder meer die volgende in verband met hierdie toetse:-

(i). I.v.m. die Skolastiese Bekwaamheidstoets, Verbale Seksie: "A wide background of reading which has broadened the student's vocabulary will be an asset in this examination, but no outside information in the field of literature or any other specialized field of knowledge is required. The candidate's score in this test depends largely on his vocabulary, his ability to combine ideas and to draw correct inferences"[2]

(ii). I.v.m. die Skolastiese Bekwaamheidstoets, Matematiese Seksie: "The mathematical section is designed to measure aptitude for handling quantitive concepts rather than achievement in the field of mathematics ... The test is intended to identify the student who can apply basic knowledge in reasoning out solutions to new problems rather than the student who has simply memorized formulas and processes" 3

(iii). En dan weereens: "The tests are to be taken in stride. They are designed to minimize cramming. The Board no longer publishes syllabi, definitions of requirements, or copies of the old tests" 4.

Dit sou hier nie ter sake wees om sommige van die reekse toetsvoorbeelde in die verskillende vakke wat in hierdie Bulletin aangegee word, krities te ontleed nie (in die geval van Duits as vreemde taal word dit wel gedoen in die volgende hoofstuk), hoewel sodanige ontleding op sigself genome reeds 'n interessante studie is, soos verskillende vakonderwysers aan wie hierdie toetsvoorbeelde ter insage voorgelê is, tewens bevestig het.

---

1. The College Entrance Examination Board: Bulletin of Information and Sample Tests, 1949-50 (bl.2.)
2. Ibid. 23-25.
3. Ibid. 26.
4. Ibid.4.

Van die grootste belang is, egter, die feit dat hierdie objektiewe toetse op sodanige wyse saamgestel is, dat dit spesiale afrigtingswerk vir die eksamen feitlik totaal uitskakel, sodat die Amerikaanse middelbare onderwyser hom slegs die ontwikkeling van die kind ten doel kan stel sonder om ooit aan 'n stremmende eksterne eksamen te dink. As bewys hiervoor geld die feit dat hierdie toetse vyf keer per jaar afgeneem word[1], sodat duisende leerlinge wie se toetssyfers reeds vir gunstige oorweging aangeneem is deur die kolleges van hul keuse, nog in dieselfde klasse saam met ander leerlinge sit wat nog nie die toetse afgelê het nie, om aldus eers hul skolastiese rekords te voltooi vir die 16 vereiste eenhede en ander inskrywings op die kumulatiewe verslagkaarte. Aan hierdie Skolastiese rekords word daar naamlik 'n baie groot waarde geheg in die Amerikaanse stelsel. Afgesien nog van alle oorwegings in verband met die aard van hierdie toetse van die "College Board", sal dit veral uit die volgende verduideliking in die Bulletin van Inligting kan blyk dat die Amerikaanse middelbare skoolstelsel só klaarblyklik op die geestelike groei van die leerlinge (in teenstelling met blote feitekennis) ingestel is, dat die eksamen 'n onbeduidende faktor in die hele stelsel geword het: "Admissions directors of the colleges use the scores as only one measure of the applicant's ability and preparation. They also weigh school grades, relative standing in class, recommendations, interviews, and many other indications of the student's fitness. Since admission depends upon all of these factors and also upon the number and quality of applicants to a given college at a given time, a score of, say, 500 on a test may be satisfactory at one college and not at another, or satisfactory at the same college at one time and not at another time. It may even be satisfactory for one applicant and not for another, when taken together with all the other information before an admissions

---

1. The College Entrance Examination Board: Bulletin of Information and Sample Tests, 1949-50. (bl.3.).

committee"[1]. In werklikheid dien hierdie toetse dus slegs as 'n aanvulling van en kontrole op die leerling se skolastiese rekord vir sy finale vier jaar en al die ander genoemde faktore in verband met die keuring vir universiteits-toelating.

Belangrik ook is die feit dat daar, as gevolg van al die bogenoemde faktore wat met hierdie toetse saamhang, geen slaag- en druippunte vasgestel word nie, maar dat die toetse volgens 'n standaardskaal gevalueer word waarop 500 die tipiese kandidaat sal aandui[2]. Die kandidaat moet die name van drie kolleges waarheen sy behaalde toetssyfers opgestuur moet word, in orde van voorkeur aandui[3]. In hierdie verband is dit van belang dat die kandidaat eers vertroud sal wees met die vereistes vir toelating wat deur die verskillende inrigtings gestel word, aangesien daar nog geen eenvormigheid van beleid by die verskillende kolleges bestaan nie, en elkeen oor sy eie metodes van toelating besluit. Sommige kolleges soos Temple stel byvoorbeeld nog hul eie reeks toetse op; ander neem leerlinge in op aanbeveling van erkende of "geakrediteerde" hoërskole, terwyl sommige nog 'n aansienlike waarde aan "sertifikasie" heg, wat min of meer neerkom op 'n syfer wat tien persent bo die gemiddelde vir die hele groep is. Die aantal kolleges wat die toetse van die "College Board" afneem, groei egter by die jaar aan, sodat daar gaandeweg 'n groter uniformiteit verwag kan word.

5. Die middelbare skoolleerplanne en eksamenvereistes in die Europese stelsels.

Waar die Amerikaanse onderwysstelsel as enigsoortig beskou kan word, staan die vier Europese stelsels wat nader ondersoek is, in menige opsig op sodanige gemeenskaplike grondslag, dat 'n eenheid van behandeling van die verskillende gesigspunte in verband met dié stelsels 'n beter grondslag vir vergelyking sou

---

1. The College Entrance Examination Board: Bulletin of Information and Sample Tests, 1949-50 (bl.3-4)

2. Ibid. 3.

bied. Ons moet hier veral op die volgende gesigspunte let:-

(a). Die uitgangspunt van die verskillende stelsels: Ons vind hier 'n treffende ooreenkoms in die kern-idee wat ten grondslag lê aan die Europese stelsels, omdat die uitgangspunt vir dié stelsels gevind kan word in die konsepsie van 'n breë algemene opvoeding, wat enige vorm van beroepsopleiding of van 'n enger akademiese opvoeding moet voorafgaan tot op die ouderdom van ongeveer 16 jaar, welke ouderdom vandag ook erken word as die aangewese tydstip vir die eintlike begin van die periode van spesialisasie. In Holland is die Hogere Burgerschool (HBS.) reeds in 1863 ingestel[1] ter erkenning van die beginsel van 'n wyer algemene opvoeding as wat die destydse Gimnasium verskaf het. In Duitsland word al die werk gedoen in die konsepsie van 'n "Allgemeine Bildung" of kultuur waarop die spesiale opleiding dan gebou moet word. Hierdie tweeledige doel word baie sterk beklemtoon in die volgende mededeling van ons medewerker uit daardie land:

> "Der Zweck des Unterrichts wird in einer möglichst umfassenden allgemeinen und doch speciellen Kenntnisvermittlung gesehen, die es den Schülern ermöglicht, die Voraussetzungen für möglichst viele Berufe zu erwerben. Neben der Allgemeinen- und Specielausbildung soll natürlich auch die Menschenerziehung und Charakterformung nicht vernachlässigt werden, doch hangen diese Faktoren ja weniger vom Lehrplan und vom Stoff als von der Persönlichkeit des jeweiligen Lehrers ab"2.

Ook die Deense Hoër Volkskole waarna daar reeds verwys is, is op dieselfde beginsel van 'n algemene opvoeding gebou; en in hierdie verband noem ek ook graag die Hongaarse middelbare skool met sy "..... common core of general cultural subjects in order to ensure an even cultural development and the formation of an enlightened and instructed public opinion"[3], vir welke doel 'n baie wye kursus van ongeveer 17 vakke aangebied word.

Dit blyk dan vandag die algemene denkrigting te wees dat spesialisasie nie ten koste van 'n breë algemene ontwikkeling

---

1. Sien "The Year Book of Education", 1948. (bl.261)
2. Sien Bylae C.
3. Sien "The Year Book of Education", 1948. (bl.332-3).

deurgevoer mag word nie. Sels in 'n land soos Engeland, waar die aristokrasie vir 'n baie lang tyd aan die tradisie van 'n "geestelike dissipline" vasgekleef het, het daar vandag reeds 'n kentering gekom en is die aansienlik-uitgebreide en meer gedifferensieerde leerplan wat die periode van spesialisasie voorafgaan, een van die jongste ontwikkelings wat die aandag verdien.

(b). Leerplanvoorsiening en eksaminering: Die algemene rigting wat 'n mens dadelik opval in verband met die leerplanvoorsiening in die Engelse en Europese stelsels, is die aanvanklike wye kursus met heel weinig of sonder enige vakkeuses, welke kursus dan geleidelik meer beperk word deur die uitskuiwing van sekere vakke namate die finale jaar nader en/of deur geleidelike groepering van hoof- en byvakke met wisselende eksamenvereistes en standaarde.

(i). Teenoor die tradisionele kursus in die Hollandse Gimnasium wat weinig geleentheid tot differensiasie bied, vind ons 'n getroue weerspieëling van bogenoemde rigting in die meer moderne leerplanne van die H.B.S. en die Lyceum. Tog word die beginsel van 'n aansienlik-uitgebreide kursus met dienooreenkomstige inkorting van die eksamenvereistes in die verskillende vakke ook in die Gimnasium gehandhaaf, soos blyk uit die feit dat al die leerlinge aan die end van die sesjarige kursus aan 'n eksterne eksamen in elf vakke onderwerp word, terwyl die inkorting van die eksamenvereistes op sodanige wyse geskied dat daar vir die drie moderne vreemde tale byvoorbeeld slegs 'n stuk vertaling in die moedertaal vereis word[1]. Die eindeksamen vir die Gimnasium-sertifikaat sluit die volgende vakke in: die ses tale (Grieks, Latyn, Nederlands, Engels, Frans, Duits);geskiedenis; wiskunde, en die drie wetenskappe wat van die vyfde of sesde klas af geneem word naamlik natuurkunde, skeikunde en

---

1. (Per)Akkerman: Nederland - "Toelatings- en Eindexamenreglementen" (vir middelbare en hoërskole), 34-40.

natuurlike Historie[1]. In die H.B.S., asook in die Lyceum wat die kursusse van die H.B.S. en die Gimnasium kombineer, is die basis vir die leerplanvoorsiening egter nog veel ruimer. Uit Tabel XII wat die leervakke en die tydsindeling vir elke vak in die H.B.S.- kursusse aantoon, blyk die getroue navolging van bogenoemde opvoedkundige beginsels in hierdie skole baie duidelik uit .....

> die verpligting van 'n groot aantal vakke vir alle leerlinge (aan die einde van die H.B.S.-kursus het alle leerlinge ongeveer 16-19 vakke geneem);
>
> die spesialisasie in die laaste twee jaar in <u>of</u> tale en handel, <u>of</u> natuurwetenskappe en matesis, deur die handhawing van die beginsel van hoof- en byvakke; en
>
> die geleidelike uitskuiwing van sekere vakke, byvoorbeeld van matesis in die A-kursus in klas V.

Dis ook van belang om daarop te let dat die uitskuiwingspraktyk eerder die uitsondering as die reël is, en dat die groepering in hoof- en byvakke veel meer 'n geval van aksentverskuiwing as van uitskuiwing is -- dit is, alle leerlinge neem nog min of meer dieselfde vakke, maar daar word net meer op sekere vakke gekonsentreer na gelang van die keuse van die leerling. Volgens die vereistes vir die eindeksamen moet die kandidate na voltooiing van die vyfjarige kursus aan 'n skriftelike en/of mondelinge eksamen onderwerp word in al die vakke wat gedurende die laaste skooljaar geneem is behalwe godsdiensonderwys, skeikunde vir H.B.S. A, en die laaste vier vakke in die tabel, terwyl 'n bevredigende jaarsyfer wat deur die skool self toegeken is, voldoende geag word in die geval van sodanige vakke wat intussen geleidelik uitgeskuif is[2].

(ii). In <u>Duitsland</u> vind ons die volgende wye kursus in aansluiting by die leer van "Allgemeine Bildung":

> Hoofvakke ..... Duits, matesis, en twee vreemde tale (gewoonlik Engels en Latyn of Frans);

1.(Per) Akkerman: Nederland ---- Toelatings- en Eindexamenreglementen" (vir middelbare en hoërskole), 34-40.

2. Ibid. 41, 48.

TABEL XII.

„LEERPLAN VOOR H.B.S. A en B"

VOLGENS DIE NEDERLANDSE STAATSVERORDENINGE VIR ONDERWYS.[1]

Leervakken.	KLASSEN.								
	I	II	III	H.B.S. IV		H.B.S. V		H.B.S. Totaal	
				A	B	A	B	A	B
Godsdionstonderwijs	1	1	1	1	1	1	1	5	5
Nederlands	4	4	4	4	4	4	3	20	19
Frans	5	3	3	4	3	4	2	19	16
Engels	3	3	3	4	2	4	2	17	13
Duits	-	3	3	4	2	4	2	14	10
Handelswetenschappen	-	-	1	6	-	6	(2)	13	3(1)
Staatshuishoudkunde	-	-	-	2	-	2	1	4	1
Aardrijkskunde	3	3	2	2	2	2	1	12	11
Geschiedenis	4	2	2	2	2	3	2	13	12
Staatsinrichting ...	-	-	1	1	-	1	-	3	1
Wiskunde	5	5	5	1	5	-	5	16	25
Mechanika	-	-	-	-	2	-	2	-	4
Natuurkunde	-	2	3	-	3	-	3	5	11
Scheikunde	-	-	2	2	3	2	4	6	9
Plant- en Dierkunde .	2	2	-	-	2	-	2	4	8
Kosmografie	--	-	-	-	-	-	1	-	1
Handtekenen	3	2	1	-	1	-	(1)	6	8(7)
Rechtlijnig tekenen	-	-	-	-	1	-	(1)	-	2(1)
Lichamelijke oefening	3	3	3	2	2	2	2	13	13
TOTAAL	33	33	34	35	35	35	35	170	172 169

„Alle lessen duren vijftig minuten. Het getal lessen, aan elk der vakken vermeld in artikel 16 der middelbaar-onderwijswet, wekelijks in elke klasse te wijden, wordt aangegeven in onderstaande tabel".

„Het onderwijs in die handelswetenschappen, het handtekenen en het rechtlijnig tekenen is in de vijfde klasse der hogere burgerschool B facultatief, in dier voege, dat de leerlingen in overleg met den directeur der school, verplicht zijn, óf de lessen in de handelswetenschappen, óf die in het handtekenen en het rechtlijnig tekenen te volgen".[2]

---

1. (Per) Akkerman: Nederland - Staatsverordeninge vir onderwys, 12.
2. Ibid.

Byvakke -- 'n derde vreemde taal, geskiedenis, aardrykskunde, fisika, gemie, biologie, kuns (insluitende teken en praktiese kunste), gimnastiek, godsdiensonderwys, en handewerk en ander praktiese vakke (kookkuns, naaldwerk, tuinbou en moederkunde) in die Hoër Meisieskole.

Die "Reifeprüfung" (Abitur) aan die end van die hoërskoolkursus (klas 12) bestaan uit 'n skriftelike eksamen in die vier hoofvakke, en 'n mondelinge eksamen in die hoof- en byvakke wat deur die verantwoordelike regeringsinspekteur vir dié doel aangewys mag word. Gevolglik word alle vakke eintlik vir eksamendoeleindes onderwys, omdat die vakke waarin geen eindeksamen vereis word nie, nie vooraf vasgestel word nie en van kandidaat tot kandidaat mag verskil. As die "Reifeprüfung" met sukses afgelê is, word die "Reifezeugnis" uitgereik en kan oorplasing van die "Oberschule" na die "Hochschule" of universiteit verkry word, hoewel slegs die besitters van 'n goeie "Reifezeugnisse" vooruitsigte het om toegang na die universiteit te verkry weens die besonder sterk mededinging om universiteits-toelating.

(iii). Daar is reeds vroeër na die spesialisasie in een van drie rigtings in die laaste drie of eintlike Gimnasiumjare in Denemarke verwys, dit is moderne tale plus Latyn, of klassieke tale, of matesis en wetenskap. Binne die genoemde verdeling bestaan daar egter geen verdere keuse van vakke nie. Leerlinge wat in die moderne tale spesialiseer (die sogenaamde "Neusprachlichen")neem almal die volgende elf vakke: Deens, Engels, Duits, Frans, Latyn, geskiedenis, oudheidkunde, gimnastiek, matesis, fisika, en godsdiensonderwys (as nie-eksamenvak). Dis van belang om daarop te let dat die spesialisasie hier - net soos in Holland - ook eerder 'n geval van aksentverskuiwing as van algehele uitsluiting van sekere vakke is. So byvoorbeeld moet die sogenaamde "Neusprachlichen" nog tot die voorlaaste skooljaar onderrig in matesis en fisika ontvang, en word die punte vir hierdie vakke in die eindeksamen bygereken.

(iv). Die groot leerplanvryheid wat die huidige Engelse skoolstelsel kenmerk, verdien hier ons besondere aandag. Een van ons antwoorders het dit as volg gestel; "Provided it is a balanced curriculum, there is no compulsion as to what or how many subjects are taught ..... The local authorities do not interfere with curriculum. That is the Head Mistress's provinc Die volgende is tipiese voorbeelde van antwoorde wat in hier-die verband ontvang is:-

> Uit "Whitley Bay Grammar School" - "All pupils take French, which is begun in the first year of the course; in the second year there is a choice between Latin and G erman, which languages are continued in the third year. In the fourth year pupils choose between the second language and more science, that is many drop the study of German or Latin. Then the weaker pupils may take only one foreign language (French) and only one science. The best pupils can offer two foreign languages and two sciences".
>
> Uit "Northgate Grammar School for Girls (Ipswich)": In this school of 540 there are three parallel streams. In the first year two out of the three do Latin, and all do French, General Science, Nature Study and normal form subjects.
> Second Year: One stream does Latin and German and continue with French .....
> Third year: One stream continues with three foreign languages and domestic science and physics.
> Fourth year: (a). One stream continues with Domestic Science (the non-language, except French, group).
> (b). The second stream (also only French group) does General Science.
> (c). Third stream continues with all three languages but some members drop Latin and have Chemistry with Physics.
> Fifth year: At the beginning of the year the best stream may choose between German and Geography. Some members also drop Latin, and in the second half of the year they choose eight subjects to offer for School Certificate in addition to the English Language."
>
> Uit "Kettering Grammar School for Girls (Northants)": In some schools the pupils choose between history and geography after studying both for 3 or 4 years; some are allowed to drop Latin; some choose between Latin and Domestic Science after they have studied them for 2 or 3 years."

Volgens die verskillende antwoorde op die vraelys blyk dit die algemene gebruik in Engeland te wees om in die eerste paar jaar van die 5-jarige Skoolsertifikaat-kursus so veel vakke as moontlik aan alle leerlinge te onderwys, en dan gaandeweg

sekere vakke waarmee die leerlinge reeds kennis gemaak het, as keusevakke teenoor mekaar te groepeer. Op hierdie wyse word 'n breë algemene opvoeding verseker en baie van die gewone skoolvakke ook eintlik vir nie-eksamendoeleindes onderwys. Di finale keuse van die eksamenvakke word dan gewoonlik tot die laaste (5de) jaar uitgestel, en toon ook onderlinge verskille van skool tot skool. "Kettering Grammar School" bied byvoorbeeld ses vakke (insluitende Engels) aan vir die Oxfordse Eksamenraad, terwyl "Northgate" nege vakke vir die Londense Eksamenraad moet kies.

Ná die breë algemene kursus wat die Skoolsertifikaat-eksamen voorafgaan, tree die periode van spesialisasie in wanneer daar 'n begin gemaak word met die tweejarige kursus vir die "Higher School Certificate" (16-17 jaar). Vir hierdie eksamen word daar slegs vier vakke geneem, waarvan twee op die hoër en twee op die laer graad, en die moontlikheid van keuses is hier byna onbeperk. Kombinasies wat dikwels voorkom is die volgende: vier tale; drie wetenskappe en matesis; twee wetenskappe, matesis en Frans of Duits (as byvakke); tale, geskiedenis en aardrykskunde. Oor die algemeen word die "Higher School Certificate" as minimum-toelatingsvereiste vir 'n universiteitskursus beskou, hoewel die mededinging om toelating in die geval van sommige universiteite soos Oxford en Cambridge so sterk is, dat hierdie universiteite hul eie eksamens ("Scholarship papers") ingestel het om hul studente te keur. Dit gebeur dan dikwels in sekere skole dat skrander leerlinge vir 'n ekstra jaar na die werk in die sesde vorm sal terugkeer, met die hoop om sodoende 'n beurs te verower.

Ná 1950 sal daar, egter, belangrike veranderings in die Britse eksamenstelsel aangebring word, wat in 'n sekere mate as 'n uitvloeisel van die Norwood-verslag beskou moet word[1] en

---

1. Sien Norwood-verslag ("Curriculum and Examinations in Secondary Schools"), 48; 140.

as volg deur een van ons antwoorders opgesom is: "School Certificate and Higher School Certificate will be abolished after 1950 and a new examination, the General Certificate of Education, will be introduced. Subjects will then be at two possible levels: ordinary (the present School Certificate standard) and advanced (the present Higher School Certificate principal subject standard). Under the new examination, matriculation requirements will be English and either four or five subjects, two of these to be offered at advanced standard" Die gevolg van hierdie stap sal wees dat die Engelse middelbare skool vir 'n lang periode van sewe jaar totaal bevry sal word van die druk van 'n eksterne eksamen, wat gunstig met die Duitse stelsel sal vergelyk en selfs nog groter moontlikhede vir leerplanvryheid sal skep as wat tans reeds die geval is.

(c). Die eksamenvereistes en -metodes in die Europese stelsels: Ewe-as in die geval van die leerplanvoorsiening, toon 'n vergelykende studie van die algemene eksamenstelsel in die vier onderwysstelsels onder beskouing baie treffende afwykings van die tradisionele eksamenstelsel in Suid-Afrika wat nog in 'n groot mate onder die druk van ons universiteite verkeer[1].

Wat die eksamenbeheer betref, staan die Engelse stelsel nog die naaste aan ons eie in Suid-Afrika, waarvan dit ook die prototipe is. Sowel die Skoolsertifikaat- as die Hoër Skoolsertifikaat-eksamens is vandag nog eksterne eksamens wat deur die sewe Eksamenrade van die verskillende universiteite beheer word; van die aanbevelings van die Norwood-verslag waarvolgens die eindeksamen geleidelik verander moes word van 'n universiteitsbeheerde tot 'n interne eksamen[2], het daar tot dusver nog niks tereggekom nie.

In Duitsland en Holland word die eksamen onder staatstoesig afgeneem en veral gekenmerk deur die veel vryer aard van die eksamenbeheer en eksamenmetodes as in Suid-Afrika en

---

1. Sien Hoofstuk 11. 5(e).

2. Norwood-verslag, 34; 48; 140.

Engeland, waar die universiteite die pas voorskryf. Van belang is hier die groot aandeel wat die skole en die onderwysers aan die afneem van die eksamens het, en die waarde wat daar aan die skolastiese rekord van die leerlinge geheg word. Die stelsel wat in Holland op alle skole van toepassing is, word as volg opgesom in die "Reglement voor het eindexamen der Middelbare scholen voor meisjes"[1]: "Het einddiploma wordt verleend op grond van: (i) de bij de leerlingen waargenomen resultaten van het gehele onderwijs in de vierde en vijfde klasse; (ii) de uitkomsten van een examen, afgenomen aan het einde van de cursus door een examencommissie, bestaande uit de directeur (directrice) als voorzitter(ster) en de leraren (leraressen) der school, die onderwijs geven in de vierde en vijfde klasse, onder toezicht van drie gecommitteerden. De benoeming van de gecommitteerden geschiedt door de Minister van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen. Zij ontvangen uit 's Rijks schatkist vergoeding voor reis- en verblijfkosten ....." Elkeen van die "gecommitteerden" of deskundiges behartig 'n aparte vertakking van die skoolleerplan. Die opgawes vir die skriftelike gedeelte van die eksamen "..... worden vastgesteld door het College van Inspekteurs van het Gymnasiaal en het Middelbaar Onderwijs"[2], en is dieselfde vir alle skole. Die betrokke vakonderwyser tree dan as eksaminator op vir die nasien van die eksamenskrifte wat so gou moontlik weer deur die gewone kanale (dit is, die direkteur of voorsitter) aan die deskundige gestuur moet word[3]. In die mondelinge eksamen word die kandidaat deur die onderwyser self ondervra in die teenwoordigheid van 'n "bijzitter". Hoewel die deskundige die finale seggenskap in verband met die toekenning van die syfers het, vind die toekenning nooit plaas voordat die betrokke onderwysers wat as eksaminatore optree, geraadpleeg is nie.

---

1. (Per) Akkerman: Nederland -- "Toelatings- en Eindexamenreglementen" (vir middelbare en hoërskole), 54-55.

2. Ibid. (55)

In Duitsland strek die magte van die onderwyser nog verder as in Holland, omdat hy ook 'n groter seggenskap in verband met die temas vir die skriftelike eksamen het[1]. By die opstel van die vrae vir die finale eksamen van die agtjarige kursus word elke verantwoordelike vakonderwyser deur die ander onderwysers wat nie die vak in die twaalfde klas onderwys het nie, bygestaan. Daar word dan 'n lang lys vrae opgestel en na die betrokke inspekteur opgestuur, tesame met 'n volledige verslag van elke kandidaat se werk. Hierdie waardering van die kandidaat se werk dra dieselfde gewig as die hele eksamen. Die inspekteur merk nou die vrae uit die voorgestelde lys wat deur die kandidate beantwoord moet word, en die onderwyser tree self as eksaminator op, hoewel die skrifte deur die inspekteur gekontroleer en met die onderwyser bespreek word. Soos reeds vroeër geblyk het, geld hierdie skriftelike eksamen slegs die vier hoofvakke (matesis, Duits en nog twee tale). Die verdere mondelinge eksamen in sommige van die hoof- en byvakke wat deur die inspekteur vir elke individuele kandidaat aangewys word geld alle kandidate behalwe slegs diegene wat besonder goed in die skriftelike eksamen gevaar het, en stel die kandidaat in die geleentheid om vir 'n swakker jaarsyfer te kompenseer. Eweas in Holland, word hierdie eksamen ook deur die betrokke vakonderwyser self afgeneem. Die hele stelsel verleen dus baie groot vryhede aan die onderwyser; en tog word daar in hierdie onderwysstelsel wat uit en vir die behoeftes van een van die mees ontwikkelde volke van die wêreld ontstaan het, 'n baie hoë standaard gehandhaaf, wat sowel aan 'n trotse professionele eer as aan die deeglik-georganiseerde vorm van inspeksie toegeskryf sou kon word.

Ook in Denemarke, waar die leerlinge deur die betrokke vakonderwysers geëksamineer word in die teenwoordigheid van vreemde

---

1. Vergelyk: a. Bylae C. (Brief uit Duitsland).
b. Smuts - "The Education of Adolescents in South Africa", 185-186.

reisende onderwysers, vind ons 'n gewysigde toepassing van sommige van die breë beginsels in verband met die eksamenbeheer en eksamenmetodes wat as die groot kenmerk van die Duitse en Hollandse stelsels behandel is, hoewel die skriftelike eksamens in hierdie land met sy tipies-Skandinawiese stelsel nog 'n baie groter rol speel.

(ii). Met die oorsese vraagbrief is daar ook die nodige inligting in verband met die metode van puntetoekenning in openbare eksamens, die vereiste persentasie om te slaag, en ander feite van belang in verband met die eksamenstelsel beoog.. .. almal faktore wat regstreekse betrekking op die vakbelang kan hê, en gevolglik ons noukeurigste oorweging verdien.

Ons antwoorder uit Duitsland wys daarop dat die werk in al die vakke met die volgende nommers of predikate ("Noten") aangedui word: 1 - baie goed; 2 - goed; 3 - voldoende; 4 - gebrekkig; 5 - onvoldoende. 'n Leerling wat in twee hoofvakke of in een hoof- en twee byvakke 'n 4 of 5 behaal, kan nie na die volgende klas oorgeplaas word nie. Hierdie metode om die werk volgens syfers te beoordeel, vind ons ook in Holland en Denemarke. In Duitsland word die mondelinge eksamen ook by die vermoë van die leerling aangepas in die sin dat die moeilikheid van die vrae afhanklik is van die syfer waarvoor daar getoets moet word. In Engeland skyn daar egter groter onsekerheid te heers, aangesien die besonderhede in verband met die puntetoekenning en die vereiste persentasie om te slaag deur geen eksamenraad verstrek word nie. Die meeste onderwysers wat die vraagbrief beantwoord het, reken egter dat 30 tot 40 persent nodig is om te slaag, en 50 persent vir 'n "credit" of matrikulasie. Een antwoorder wys daarop dat 'n sekere persentasie moet slaag, en dat die punte dienooreenkomstig "gedokter" word! Volgens die gegewens tot ons beskikking word die punte of simbole van die kandidate in die verskillende vakke in geeneen van hierdie lande aan die kandidate self bekend

gemaak nie, sodat daar weinig gevaar vir 'n mededinging op 'n vakbasis bestaan wat gewoonlik in 'n ongesonde simbolejag ontaard.

6. Die reperkussies van die eksamenresultaat in die ondersoekte stelsels.

Vir sover die vraag in welke mate die eksamenstelsel die middelbare skool oorheers in die vyf onderwysstelsels onder beskouing, nog nie reeds by implikasie uit voorgaande uiteensettings van die verskillende eksamenmetodes in daardie lande beantwoord is nie, kan daar vir 'n duideliker aanduiding ook op die regstreekse antwoorde op vrae 4.d. (vii) en (viii) teruggeval word, naamlik:

> (4.d.vii) "Word die gemiddelde persentasie vir alle kandidate per vak jaarliks uitgewerk en met provinsiale of lands gemiddeldes vergelyk?", en .....
>
> (4.d.viii) "Werk die onderwysers oor die algemeen dikwels vir persoonlike voordele en/of eer verbonde aan die goeie eksamenresultate van hul leerlinge?".

Volgens die gegewens tot ons beskikking vind daar in geeneen van hierdie vyf lande enige smousery met vakgemiddeldes per onderwyser en vergelyking met lands- en/of provinsiale gemiddeldes plaas waarvolgens die "bekwaamheid" van die onderwyser dan beoordeel moet word nie. Die intern-beheerde eksamen onder staatstoesig in sekere Europese lande maak laasgenoemde praktyke ook onmoontlik. Dis van belang om daarop te let dat die heersende eksamentegnieke 'n baie beslissende faktor skyn te wees in verband met die resultaatverering. In Engeland, waar die universiteitsbeheerde eksterne eksamens nog 'n groot rol in die middelbare skool speel, word daar byvoorbeeld nog dikwels op die eksamenresultaat toegespits. Een van die antwoorde op vraag 4.d.viii lui heel beslis: "Of course they do. Does not a surgeon work for personal honour when he does his work properly?" 'n Tweede antwoorder stel die saak heel betekenisvol as volg: "We do not ask ourselves this question, nor do we divulge the answer". Met die groter leerplanvryhede het daar in sekere kringe, egter, 'n kentering ten opsigte van hierdie tradisionele

vraagstuk van die middelbare onderwys gekom, en dit wil voorkom asof sommige onderwysers besig is om weg te breek van hierdie tradisie wat "successful cramming" as die hoogste voordeel beskou wat daar uit die middelbare skool te haal is, soos uit die volgende besliste antwoorde op vraag 4.d.viii blyk:-

> "No. Teachers work for arousing interest for their subject. Many schools do work for results to a certain extent, but we deprecate any tyranny imposed by examinations, both in subject matter and otherwise. It is old fashioned to be restricted in this way".

En weereens:

> "I should say that, fortunately, the exam. system dominates few schools; therefore we live a happy life undogged by fear of exam. results and are able to educate our pupils as seems best to us".

In Denemarke - net soos in Engeland - hang dit ook veel van die eksamenresultaat af of die leerling toelating na die universiteit sal verkry; en blykens die volgende mededeling van ons antwoorder beweeg die praktyke in daardie land nog tot 'n aansienlike mate in die skaduwee van die eksamenresultaat: "Im allgemeinen wird die Tüchtigkeit des Lehrers nicht durch die Resultate seiner Schüler beurteilt, aber natürlich muss es als eine Empfehlung betrachtet werden, wenn die Schüler eines Lehrer gut abschneiden. Der Unterricht leidet etwas darunter, dass die weitere Ausbildung der Schüler teilweise (d.h. bei Zutritt zu verschiedenen Lehranstalten, wo zu viele Zutritt suchen) vom Examenresultat abhängt".

Oor die algemeen blyk dit, egter, of die onderwyspraktyke in dié lande waar die werk nie deur stremmende eksterne eksamens aan bande gelê is nie, veel meer op ander waardes as op die bereiking van die resultaat ingestel is. In Duitsland moet die feit dat elke kandidaat slegs in 'n paar vakke geëksamineer word wat van kandidaat tot kandidaat kan verskil volgens die beslissing van die inspekteur, reeds in 'n mate as 'n vrywaring teen die eksamenmanie by onderwysers en onderwysowerhede beskou word; en volgens ons antwoorder sou dit ook

onmoontlik wees om die "waarde" van die onderwyser na die eksamenuitslae van sy leerlinge te takseer, omdat die onderwysers vir elke afsonderlike vak dikwels verwissel in die loop van die agt hoërskooljare, en elke onderwyser sy eie onderwys- en toetsmetode het. Ons antwoorder uit Holland laat hom nog veel sterker hieroor uit: "Vergelijking van die behaalde cijfers met die van andere scholen vindt niet plaats. Dit is misschien niet wenselijk ook, om het opdrijven der cijfers te voorkomen.. ... Aan goede examen-resultaten zijn voor de leraren geen voordelen verbonden. Ieder leraar heeft maar te zorgen, dat hij de vereiste stof zo goed mogelijk met zijn leerlingen doorwerkt. .... Het is natuurlijk dwaasheid, de waarde van een leraar te beoordelen naar de cijfers, die de ll. voor zijn vak(ken) behalen .... De wijsheid eist hier, dat men goed beseft, dat men dienaar van het geheel is .... Altijd, wanneer een school voor een examen opleidt is het gevaar aanwezig, dat een soort examendrik ontstaat".

In die geval van Amerika, waar die universiteite hul eerder deur die skolastiese rekords van die leerlinge, intelligensietoetse en ander reeds genoemde faktore sal laat lei as deur die ou tipe eksamen wat op blokwerk ingestel is en nie meer erken word as 'n seleksiemetode om die gewensde produk van die hoërskool na die universiteit te stuur nie, was vraag 4.d.(viii) eintlik oorbodig, omdat dit vandag 'n algemeen-bekende feit is dat die Amerikaanse stelsel, meer as enige ander ter wêreld, van die oorheersing van die eksamenresultaat bevry is. Interessant is in hierdie verband byvoorbeeld die feit, dat die "College Board" slegs die totale toetssyfer van die kandidaat sal uitreik[1] waardeur alle vakmededinging van die middelbare leerkragte ook as vanselfsprekend uitgeskakel word, afgesien

---

1. Sien "The College Entrance Examination Board - Bulletin of Information and Sample Tests, 1949-50", bl.20.

nog van die feit dat die hele Amerikaanse stelsel so vry is, dat die onderwyser sy eie koninkryk in sy werk kan vind sonder om aan die eksamenresultaat te dink. Feit is, dat daar vandag juis ook om hierdie rede heelwat kritiek op die Amerikaanse stelsel uitgebring word. Om egter te beweer dat die stelsel hoegenaamd geen verdienstes inhou wat ook met voordeel op ons akademies-verslaafde stelsel in Suid-Afrika ingeënt kan word met of sonder die verwydering van die reaksionêre angel wat ons daarin bespeur het nie, sou 'n dwaling wees wat van groter onkunde as insig sou getuig; en daarom sal daar weer na sommige van hierdie bevindinge verwys word wanneer die kwessie van 'n reorganisasieskema vir ons middelbare onderwys onder beskouing geneem word[1].

---

1. Sien Hoofstuk X.